

VRYSpraak

'n Tendensverslag oor sinvolle en beleefde interaksie op sosiale netwerke



'N **EKERK** TENDENS VERSLAG

SAAMGESTEL DEUR **ROEDOLF BOTHA**

WWW.EKERK.ORG

inleiding

'n Paar inleidende opmerkings oor die tendens: plaaslik en internasionaal.

Iemand het eenkeer gesê: "*Some people can't sleep because they have insomnia. I can't sleep because I have Internet*" (Bechtle 2015: 11).

Verskoon tog asseblief die vanselfsprekendheid en cliché-agtigheid wanneer ek sê die Internet het ons wêreld vir altyd verander. Wat ek bedoel, is dat die Internet voortdurend nuwe maniere vind waarop dit ons wêreld verander. Een van hierdie nuwighede is dat gewone mense wat vroeër geen stem sou gehad het nie, nou ewe skielik hulle mening kan lug vir almal om te lees. In die woorde van Thomas Friedman (2011: ad loc.): "*The world has gone from connected to hyperconnected.*"



almal is nou eksperts

Die eerste gevolg hiervan is dat eksperts en nie-eksperts nou op gelyke voet met mekaar in debat kan tree sonder enige onderskeiding. Elkeen se stem tel. Dit is sekerlik 'n wonderlike verwikkeling. Soveel mense het nou toegang tot sinvolle gesprekvoering wat hulle andersins glad nie sou hê nie. Dit bevorder beslis vrye spraak en is dus 'n goeie verwikkeling. Die nadeel is egter dat ware kenners dikwels in die agtergrond verdwyn omdat hulle kennis op enige gebied net "nog 'n opinie" word. Enige jan rap en sy maat wat gevaarlik min van 'n tema af weet, kan nou 'n universiteitsprofessor in die digitale wêreld aanvat. Hulle doen dit dan ook dikwels met behulp van kort, retories slim, maar oningeligte of eensydige "one liners" wat vir die leke-oor oortuigend klink, maar wat geen werklike substantiewe waarde het nie. Op sulke tipe webwerwe of blogs is daar dan nie altyd die nodige ruimte om deurdagte of inhoud-gesentreerde antwoorde te gee nie.

Daarom ontaard gesprekke hier dikwels in 'n emosionele moddergooiery in plaas van rasonale gesprekke. In die woorde van Andrew Keen in sy boek *The Internet is not the answer* (2015: xiv): "*Rather than creating more democracy, it's empowering the rule of the mob... Rather than making us happy, it's compounding our rage.*"

respek is dikwels weg

'n Tweede gevolg van hierdie skynbare gelykheid en nuwe vryheid van spraak op digitale platforms is dat hierdie vryheid soms misbruik word deur deelnemers wat nie volwasse kan kommunikeer nie. Sommige mense raak venynghede kwyd, skel mekaar uit en raak blatant beledigend (Kyk maar na enige gewone Youtube-video, soos hierdie een wat die nuwe Bourne-fliek bekendstel <https://www.youtube.com/watch?v=ILdxjRz8lyQ>). Vuil taal en beledigings teenoor deelnemers wat nie saamstem met 'n bepaalde standpunt nie, word vryelik rondgeslinger. Selfs bekende Oxford-professore wat relatief gesofistikeerde wetenskaplike materiaal geskryf het, verander in monsters wanneer hulle begin twiet. JP O'Malley (2016: ad loc.) deel juis sy skok toe hy agterkom hoe toksies Prof. Richard Dawkins op sy Twitter-blog kan wees (Sien <http://www.thedailybeast.com/articles/2016/01/09/just-how-toxic-is-richard-dawkins.html>). O'Malley verduidelik sy skok oor die inkonsekwentheid tussen Dawkins se goeie wetenskapskryfwerk aan die een kant, en sy onprofessionele manier van omgaan op die Internet aan die ander kant.

Gepraat van Dawkins, op die gebied van geloof teenoor ongeloof is die digitale wêreld ongelukkig ook 'n slagveld. Kyk byvoorbeeld na die opmerkings onderaan die Youtube-gesprek tussen Richard Dawkins as ateïs en die Christen John Lennox (<https://www.youtube.com/watch?v=thSVrSgSL2c>).

Alhoewel die gesprek tussen die twee sprekers heel professioneel en beskaafd is, laat die opmerkings van kommentators onderaan die blog veel te wense oor. Jy hoef niks verder te soek as die eerste twee kommentare nie:

"Whoo! Yeah! Things don't evolve! God breathed magic breath on some dirt and poofed a full-grown human into existence! DUh!"

"I just wanted to let you know that I believe in evolution because only evolution could explain why you have the brain of a banana!"

Alhoewel hierdie twee kommentare heel beskaafd is in vergelyking met party ander, wys dit wat agter so baie ander opmerkings skuil, naamlik dat daar min denke en refleksie agter hierdie opmerkings sit, asook dat hier geen sprake van goeie maniere of beleefde interaksie is nie. *"Rather than encouraging tolerance, it has unleashed a distasteful war..."* (Keen 2015: xiv). Die waarheid van hierdie stelling kan ook gesien word in die onvanpaste opmerkings (Gquirana 2016: ad loc.) van Velaphi Khumalo, lid van die Gautengse departement van sport, kuns, kultuur en ontspanning, wat onlangs op sy Facebook-blad te kenne gegee het dat hy wittes haat en aan hulle wil doen wat Hitler aan die Jode gedoen het (Sien <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/khumalo-in-hot-water-over-racist-facebook-post-20160107>).

daardie spanning tussen vrye spraak en haatspraak

Die afgelope paar jaar het daar, as 'n derde gevolg van 'vrye spraak', interessante spanning ontstaan in die blog- en twiet-wêreld. Hierdie spanning het veral ontstaan tussen sake soos vrye spraak aan die een kant, en 'n poging tot sensorskap aan die ander kant, gesonde vryheid van spraak aan die een kant en haatspraak aan die ander kant, beleefde en positiewe debat aan die een kant en destruktiewe konflik aan die ander kant. Om koers te hou tussen al hierdie teenpole is nie altyd so maklik nie. Dit kan gesien word in die versigtige manier waarop bekendes en publieke figure deesdae hulle woorde moet kies op Twitter en blogs.

Neem maar die voorbeeld van Gareth Cliff wat onlangs deur M-Net afgedank is as gevolg van 'n rassistiese twiet deur die voorheen onbekende Penny Sparrow (<http://www.news24.com/SouthAfrica/News/its-just-the-facts-penny-sparrow-breaks-her-silence-20160104>). Alhoewel Cliff die opmerking as onvanpas beskou het, het hy haar reg ondersteun tot vrye spraak. Daarvoor is hy afgedank (Sien <http://www.timeslive.co.za/entertainment/2016/01/19/Why-sack-me-and-not-Unathi-Msengana-or-Somizi-Mhlongo-Gareth-Cliff>). Cliff se reaksie was een van stomme verbasing: "*Why sack me, and not Unathi Msengana or Somizi Mhlongo?*"


Dis sekerlik 'n relevante vraag. Gareth Cliff se geval is egter nie uniek nie. In 'n artikel getiteld *13 people got fired over a single tweet* (<http://www.businessinsider.com/fired-over-a-tweet-2015-5?op=1>), word vertel hoedat dertien mense in die VSA afgedank is – elkeen oor net een twiet wat as onvanpas of polities inkorrekt beskou is.

Die afgedanktes wissel vanaf die kommunikasiebestuurder van die Houston Rockets tot komediant soos Gilbert Gottfried. Verwarring is sekerlik hier verstaanbaar, want waar trek mens die streep tussen vrye spraak en rassisme, tussen vrye spraak en haatspraak? Wanneer ondersteun ons iemand se reg tot vrye spraak, en wanneer sê mens hokaai wanneer iemand se "vrye spraak" ander se vryheid inperk of hulle menswaardigheid aantast? Wanneer moet jy betrokke raak by 'n gesprek, en wanneer moet jy eerder stilbly? Wanneer is iets eerlik en reguit, en wanneer is dit onvanpas of aanstootlik?

polarisering

'n Vierde neiging in hierdie kwessie is die polarisering van gemeenskappe en die gebrek aan diepte en deurdagtheid in gesprekke. Celeste Headlee vertel in 'n TED-praatjie getiteld *10 ways to have a better conversation* (2015: ad loc.), van studies wat aantoon dat die Westerse wêreld vandag meer gepolariseerd is as ooit tevore in die geskiedenis. Sy verduidelik dat wat hierdie polarisasie so abnormaal maak, is dat mense vandag minder geneig is om 'n kompromie te probeer vind in enige gesprek. Dit toon aan dat mense hulle vermoë om na mekaar te luister, verloor het. Verder neem mense vandag sleutelbesluite (soos 'n woonplek, huweliksmaat, en vriendskappe) volgens dit wat hulle reeds weet. Met ander woorde, daar is nie eens meer 'n begeerte om meer en beter inligting te bekom voordat hulle besluit nie. Mense loop dus rond met die gevaarlike aanname dat hulle eenvoudig die beste weet en geen addisionele insette nodig het nie.

Dis belangrik om dit egter hier duidelik te stel dat hierdie tendensverslag die koms van die Internet, sosiale media en al die goeie wat daarmee gepaard gaan, as 'n positiewe en welkome ontwikkeling beskou. Sosiale media doen veral baie goed in terme van die saamsnoer van families, vriende en werkskollegas regoor die wêreld (Keen 2015: 8). 'n Pew-verslag het in 2014 aangetoon dat 90% van alle Amerikaners bevestig dat die koms van al hierdie nuwe geleenthede deur die Internet vir hulle persoonlik goed was. 76% het beweer dat dit tot dusver ook in die algemeen vir die wêreldgemeenskap goed was (Pew Research Centre 2015: ad loc.). Soos met baie ander dinge is die opkoms van hierdie nuwe tegnologie egter nie sonder probleme vir sy gebruikers nie. Dit is sommige van hierdie uitdagings wat aandag behoort te geniet.



Hierdie tendensverslag is dan 'n poging om 'n bydrae te lewer tot die gesprek oor goeie, sinvolle en broodnodige deelname van Jesus-volgelingen op die forums van die Internet, en veral sosiale media.

wat is die impak van sosiale media op die kerk in Suid-Afrika?


Dit lyk asof onvolwasse gesprekvoering en venynigheid net so sterk onder Christene voorkom as elders. Om lig te werp hierop, mag dit dalk insiggewend wees om slegs een geval onder die soeklig te plaas. In sy boek *Saam op soek na God* (2010) vertel Abel Pienaar – 'n voormalige NG dominee wat 'n agnostiese Boeddhis geword het – hoe Christene gereageer het toe hy sy Christelike geloof die dag opgesê het. Sy worsteling met geloof, sy bedanking uit die NG Kerk, en sy publieke uitsprake kort daarna het heelwat mense in die Christelike wêreld duidelik nie beïndruk nie. Die volgende tipe uitsprake is onder andere deur Christene teenoor Abel gemaak op 'n blog (Pienaar 2010: 8–9; sien ook <http://www.spiritualiteit.co.za/spiritualiteit-kontak.php>):

- *"Wie dink jy is jy!!!! God sal jou hiervoor straf, jy kan dankbaar wees daar is nie meer iets soos stenigings of brandstapels nie!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!! Ek hoop jy kry niemand vir berading OOIT nie, want hierdie snert sal mense nie help nie???? net verder op die pad na die hel stuur!!!!!!"*
- *Dr. Pienaar het die plot verloor. En nou probeer hy met sy dwaallering volgeling werf. Lyk my daar is 'n paar mal mense wat saam met hom die plot verloor het, lees maar net die drek op Ses ... Julle klomp het die f#^*#&* plot verloor!!!
Chris van Wonderboom.*

- *Wil Abel Pienaar nie sy opinies vat en in sy moer vlieg nie. Niemand wil meer hoor wat hy en die verwardes hier dink nie!?!
'Jesus Freak'.*
- *"Abel Pienaar, is 'n moroon."
Pieter.*
- *Abel Pienaar en die res van die f...
idiotie wat hier rond tas KOM NET
BY!!!!!!
WWJD.*

Wat opmerklik is, is hoeveel vrymoedigheid sommige van hierdie uitkryters het om name soos "WWJD" en "Jesus Freak" onderaan hulle skrywes te plaas – so asof dit die mees normale ding op aarde is! Alhoewel mens sou kon redeneer dat hierdie tipe opmerkings die uitsondering is, is dit tog skokkend hoe gereeld Christene met sulke ontstellende onvolwassenheid reageer. Daar is natuurlik ook meer beleefde opmerkings, soos die volgende een: (<http://www.spiritualiteit.co.za/spiritualiteit-kontak.php>):

Dr. Pienaar, dit is ongelukkig wat met jou gebeur het. Wil jy jou nie nou maar bekeer en weer die aangesig van ons Here en God opsoek nie? Ek pleit by jou, voor dit vir ewig vir jou te laat sal wees. Met 'n hart vol liefde.
Emsie Schoeman.



Hoe dit ook al sy, die impak op die kerk – oftewel dissipelskap in die algemeen – is dat mense wat hulleself Jesus-volgelingen of Christene noem, dikwels glad nie soos dissipels optree op sosialemedia-platforms nie. Christene se grootste bydrae tot die samelewing behoort juis ons Christus-gevormde karakter te wees, en dis juis ons gebrek aan karakter wat verkeerdelik op sosiale media aan die wêreld ten toon gestel word (Barna & Kinnaman 2014: 50–51).

wat is die oorsake van sommige gelowiges se onvanpaste gebruik van sosiale media?

Sosiale media is nie neutraal nie.

Alhoewel die fout nie noodwendig net by die tegnologiese ontwikkeling van die Internet en sosiale kletsruimtes gesoek moet word nie, het dit wel kontekste geskep waarbinne misbruike maklik kan gebeur. Volgens Keen (2015: 1–10) is die digitale wêreld se sosiale kletsforums nie maar net 'n stuk "neutrale" gereedskap wat geen vormende effek op gebruikers het nie. Hy verduidelik dit vanuit die argitektuur, waar gesê word: "*We shape our buildings; thereafter they shape us*" (Keen 2015: 1). Keen meen dat sosiale media tans ook besig is om ons te vorm op grond van sekere waardes wat in hierdie media verweef is. Die verskillende vorms van sosiale media wat ons geskep het, is dus nie neutraal nie. Daarom moes die uitkomst en resultate waarmee ons tans sit eintlik vir ons voorspelbaar gewees het. In die woorde van Joi Ito – die direkteur van MIT Media Lab – is sosiale media "*not a technology; it's a belief system*" (aangehaal in Klein 2014: ad loc.). Die "dogma" agter die sosiale netwerke is 'n "geloof" in demokrasie, 'n vrye markstelsel en individualisme (Lilla 2014: ad loc.). Volgens Keen (2015: 5–6) is hierdie waardes van die begin af gedeeltelik daarop gemik om 'n "vrye era" te skep waarin daar nie meer toestemming gevra word nie en wat die idee romantiseer om die reëls van ou institusies omver te werp. Hierdie inherente waardes aan sosiale media, was egter nie vir alle gebruikers duidelik nie, en is nie doelbewus deur almal nagejaag nie. Dis nietemin volgens Keen een van die oorsake van van die soms chaotiese gebrek aan beheer: ons het sosiale media op sekere waardes gebou, en nou vorm daardie waardes die gemeenskap.

Alhoewel Keen effens sinies klink, steek daar tog heelwat waarheid in sy diagnose. Hy gee ons iets om oor na te dink.

Daar heers 'n algehele onvolwassenheid onder die Internet-gemeenskap. Die potensiaal en kapasiteit van die Internet en sosiale media om goed te doen, is geweldig groot! Die groot oorsaak van skeefgetrekte gebruike hiervan kan dus nie primêr by tegnologie self gesoek word nie, maar in die hart van die mens self. Wat openbaar die negatiewe tendense anders as 'n groot mate van onvolwassenheid en gebrokenheid wat in die sosiale gemeenskap gevind word? Sosiale media, soos in hierdie verslag bespreek, het aan die individu nuwe vryheid en mag geskenk, naamlik die mag om met die minimum gevolge 'n opinie te lug op 'n publieke forum. Nou ja, soos wat ons al uit die geskiedenis geleer het, is die "track record" van diegene met nuwe mag selde positief. Die mag van tegnologie in die hand van die mens bring nie net goeie ontdekkings soos penisillien of gevorderde tandheelkunde voort nie, maar ook gebeure soos die atoombom op Hiroshima, en ekologiese vernietiging. Die mens toon 'n redelik konsekwente onvermoë om nuwe vryheid en mag op so 'n groot skaal volwasse te hanteer.

Die kerk het 'n oneffektiewe dissipelskapmodel geërf.

Alhoewel die kerk sekerlik nie verantwoordelikheid kan aanvaar vir al die wêreld se probleme nie, moet sy darem seker verantwoordelikheid neem vir die kwaliteit van dissipelskap in eie geledere. Dissipelskap is tog ons hoofsaak en doel. Adam Hamilton vertel in sy boek getiteld *When Christians get it wrong* (2010: 1–18), hoe groot die impak op die kerk en wyer samelewing is wanneer Christene onchristelik optree. Hy wys op die onvermoë van die kerk om vir haar mense die verbande te leer (en te modelleer) tussen die belydenis dat Jesus die Here is, en ons alledaagse lewenswyse. In 'n boek van die Barna-navorsingsgroep in die VSA getiteld *Churchless*, vertel George Barna en David Kinnaman (2014: 178–180) dat die Amerikaanse kerk ongelukkig dissipels gekweek het wat meestal as Fariseërs beleef word, eerder as mense wie se geloof en daede in ooreenstemming is met mekaar.

wat kan die kerk doen?

Bring die etenstafel terug!

In sy boek *From tablet to table* (2014: 61–73) wys Leonard Sweet hoe etenstafels 'n sentrale deel van Jesus se aardse bediening was. Wat dit so uniek gemaak het, was wie almal deelgeneem het aan hierdie etes: vriende, tollenaars, sondaars en vyande. Die etenstafel dien as brug van die evangelie na ander mense. Dit snoer mense saam. Enige etenstafel veronderstel gasvryheid en die gewilligheid om jou menswees met ander te deel. Om die etenstafel word vreemdelinge met oop arms ingesluit, vyande word weer vriende en sondaars ontvang genade.

Die kerk moet by Jesus leer hoe om die etenstafel te gebruik as 'n plek waar gesprek, verskille en selfs konflik normaal is. Die relevansie van die etenstafel vir sosialemedia-gesprekke is dat die etenstafel per definisie 'n fasiliteerder van sosiale interaksie en gespreksvoering is. Moontlike implikasies vir die sosiale media kan die volgende insluit:

- a. Hoe sal dit lyk as 'n gemeente haar lidmate aanspoor om die etenstafel as metafoor te gebruik vir interaksie op sosiale forums? Wat as sosiale forums vir Jesus-volgelinge plekke word waar ons ons gasvryheid en vrygewigheid openbaar, brûe bou en mure afbreek? Wat as die platforms nie meer plekke is waar ons bloot ons sê wil sê nie, maar plekke waar ons Jesus se liefde wys, ongeag die oortuigings van die persone met wie ons gesels?

- b. Hierdie gesprekke op die Internet moet voortvloei uit 'n beliggaamde modellering van gesonde gesprekke deur leiers, mentors en mededissipels in die liggaam van Jesus.
- c. Hierdie modellering moet medegelowiges aanmoedig om positiewe interaksie te hê met mense met wie hulle verskil. Die missionale boodskap van Jesus is dat dit jús die mense is wat nie soos ons is nie, jús die mense wat nie ons standpunte deel nie, jús die mense is wat ons vyandig hanteer, wat Jesus se liefde broodnodig het. Elke geleentheid waar enige Jesus-volgeling op die Internet besig is, moet daar dus deeglik besef word dat die geleentheid presies nóú daar is om brúe tussen God en ander mense te bou.
- d. Om die etenstafel leer ons die regte sosiale bekwaamhede aan, soos om te leer dat ons kan lag vir onself en dat ons nie liggeraak hoef te wees wanneer mense vir ons dinge sê waarvan ons nie hou nie. Hier kan ons leer om venynigheid te beantwoord met goed deurdagte, liefdevolle en beleefde opmerkings.
- e. Len Sweet (2012: 14) vertel dat die nuwe generasie (wat hy *Googlers* noem) nie soseer woorde gebruik om argumente te wen nie, maar eerder om bande tussen mense te smee. Die kerk kan baie hierby leer. Ons doel op sosiale media moenie bloot wees om 'n punt te maak of argumente te wen nie, maar eerder om sinvolle verhoudings te kweek. So kan sosiale forums evangelie-bande wees in plaas van blote forums om ons eie ego's te streel.

Leer mense om te onderskei tussen kernsake en randsake.

Baie konflik tussen Christene en met ander mense vind plaas as gevolg van die feit dat Christene nooit geleer het wat die kernsake van die geloof is en wat randsake is nie (Hamilton 2010: 11–12). Alle dele van die Bybel word op dieselfde vlak hanteer. Dus word daar oor alles gestry en geargumenteer. 'n Bepaalde siening oor die doop word ewe passievol verdedig as die narratief rondom Jesus se opstanding. Sommige Christene dink dat slegs hulle reg is en stry oor die geringste klein dingetjies (Hamilton 2010: 12). Paulus omskryf egter "sterk gelowiges" (Rom 15:1) as geestelike volwassenes wat nie oor alles stry nie, maar wat besef dat daar ook randsake in die geloof is wat nie moeite werd is om tyd oor te mors nie. Indien iemand dus iets glo waarmee jy verskil op hierdie gebied, kan jy hom of haar maar met rus laat.

Nederigheid, om te luister en gewilligheid om te verander, loop hand aan hand.

'n Deel van die kerk se dissipelskapproses is om mense te leer dat individuele geestelike eienskappe, soos nederigheid, die vermoë om te kan luister, of gewilligheid om te groei, glad nie los staan van mekaar staan nie (Headlee 2015: ad loc.). Hierdie drie gaan saam. 'n Jesus-volgeling kom dus na enige gesprek toe met die gewilligheid om 'n bydrae te lewer, maar ook om verander te word deur daardie gesprek.



- a. **Maak die gesprek veilig** deur nooit vyandige taal te gebruik nie. Maak genade die atmosfeer wat julle inasem tydens die gesprek. Gebruik emosioneel neutrale taal. Fokus altyd op die saak wat bespreek word en moenie opmerkings maak deur die ander party te wys op sy/haar "gebrekkige" kennis, of na die een of ander onvermoë te verwys nie. Reageer vanuit genade, selfs al reageer hy/sy met venyn. Aanvaar mekaar se foute.
- b. **Skakel enige vorm van intimidasie uit.** Beheer jou eie emosies en hou jou taal beleefd. Moenie kwaad word nie, en moenie kommentaar lewer wanneer jy kwaad of geïrriteerd is nie. Moet ook nie onnodig op die negatiewe in die gesprek fokus nie.
- c. **Luister, luister, luister!** Iemand het eenkeer gesê: "*Most conversations are simply monologues delivered in the presence of a witness.*" Die meeste mense is nie goeie luisteraars nie. Moenie aanneem dat jy weet wat 'n ander persoon dink of bedoel nie. Maak seker jy weet presies wat die ander persoon bedoel. Vra verklarende vrae voordat jy reageer op wat gesê word. Enige persoon wil graag gehoor word. Laat die ander persoon voel dat jy regtig belangstel in wat hy/sy te sê het. Enigiemand wat beleef dat hy/sy verstaan word, sal sy/haar hart vir jou oopmaak. 'n Redelikheid mag gevolglik in so 'n gesprek posvat. Een van die mees fundamentele wysshede in die boek Spreuke is juis die vermoë om te kan luister. Daarom is daar ernstige waarskuwings oor mense wat nie kan luister nie, soos: "*Wie antwoord voor hy die vraag gehoor het, is dwaas en kom in die skande*" (Spr 18:13).

- d. **Vra eerlike terugvoer van ander gespreksgenote selfs voordat hulle dit gee.** Sluit jou reaksies af met die woorde: "Wat dink jy/julle?", of: "Ek sal graag julle kommentaar hierop wil hoor.", of: "Deel asseblief jou wysheid in hierdie verband." Luister dan werklik na die antwoorde met die gesindheid van iemand wat besef dat jyself ook nodig het om uit die gesprek te groei.
- e. **Begin elke reaksie so positief as moontlik.** Wees eerlik maar positief. Verseker ook die ander gespreksgenote dat jy jou daartoe verbind om uit die gesprek te leer. Soms help dit ook om 'n oor te ontwikkel vir enige vorm van skoonheid ("beauty") in die ander se woorde, of te probeer vind waarmee jy saamstem en dan daarmee te begin. Gee altyd die nodige erkenning. Bechtle maak dit duidelik (2015: 174–175) dat dit nie bloot daarvoor gaan om stroperig of "nice" wees nie, maar om die gesprek positief te hou sodat ontspanne en sinvolle interaksie moontlik bly.
- f. **Onthou, enige gesprek gebeur binne die raamwerk van God se koninkryk.** Net soos enige ander aksie van ons kant af, moet 'n sosiale gesprek ook teologiese betekenis kry in die skadu van die liefde van God. Hierdie liefde moet in enige mediagesprek tot openbaring kom. Dit gaan nie oor ons en ons begeerte om onself te laat geld nie, maar oor God se liefde wat duidelik gemaak moet word.

Leer die Christelike dissipline van stilbly aan.

Die storie word vertel van die bekende skrywer Dallas Willard wat in sy klas aangevat is deur 'n jong student wat duidelik te nat agter die ore was vir die gesprek. Net na die student se laaste opmerking sê Willard toe dat hierdie die regte oomblik is om die klas mee af te sluit. Na die klas het van sy studente hom gevra waarom hy die aggressiewe student nie op sy plek gesit het nie. Hy antwoord toe: "*I practised the discipline of not having the last word.*" Die Spreuke-boek leer vir ons baie aangaande die noodsaak om ons mond te kan hou. "*Wie sy mond en sy tong in toom hou, hou hom uit gevaar*" (Spr 21:23). Soms moet ons die reg uitoefen om níé ons opinie te lug nie. Dalk is dit selfs net goed om goeie vrae te vra en niks te sê nie (Headlee 2015: ad loc.).

Gebruik sosiale forums om agter iemand se storie te kom.

"*Tweets are stories. Cherish the stories*" (Sweet 2012: 84). Niemand plaas net geïsoleerde of kontekslose twiets nie. Daar is altyd 'n storie agter dit wat ons sê (Bechtle 2015: 149–150). Dalk kan ons ons gesprekke gebruik om te probeer agterkom wat agter iemand se twiets en opmerkings sit. Wat is die hartklop van die persoon agter die kommentaar? Interaksie met iemand op die web moenie soos 'n skaakspel teen 'n rekenaar verloop waar ons net die regte skuiwe moet maak sodat ons kan wen nie. Ons vergeet dat daar 'n regte hartklop is agter die woorde wat ons op die skerm sien. Geesvervulde interaksie is interaksie wat die hart van mense wil raakhoor.

Wees kwesbaar.

Een van die maniere waarop ons Jesus volg, en waarop ons vertrouwe kweek in ons interaksies op sosiale media, is om gepaste kwesbaarheid te openbaar. Dis belangrik om eerlik te wees oor moontlike gate in ons eie monderings, swakhede in ons eie standpunte, en om te erken wanneer ons 'n fout gemaak het. Soms moet ons ook erken dat ons nie 'n goeie antwoord het op iemand te kommentaar of vraag nie. Kwesbaarheid is deel van menswees en daarom ook deel van dissipelskap.

Hierdie paar woorde was sekerlik nie volledig of selfs genoeg nie. Ander deelnemers sal sekerlik baie goeie addisionele bydraes kon lewer en alternatiewe menings kon lug wat uiters waardevol sou wees. Hierdie paar woorde is egter neergepen om gebruik te word as 'n aanvanklike bondige refleksie oor interaksie op sosiale media. Help ons by ekerk asseblief om verder oor hierdie saak te dink en vir ons 'n boodskap te stuur op www.ekerk.org.

bronne & verwysings

Barna G & Kinnaman D. 2014. *Churchless: Understanding Today's Unchurched and How to Connect with Them*. Tyndale Momentum: An Imprint of Tyndale House Publishers & Barna Books.

Bechtle M. 2015. *You can't text a tough conversation*. Baker Publishing Group. Grand Rapids. Michigan.

Goleman D. 2009. *Ecological Intelligence: Knowing the hidden impact of what we buy*. Allen Lane. Penguin Books. London.

Gquirana T. 2016. *Khumalo in hot water over racist Facebook post*. Gevind by <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/khumalo-in-hot-water-over-racist-facebook-post-20160107>

Hamilton A. *When Christians get it wrong*. Abingdon Press. Nashville.

Headlee C 2015. 10 ways to have a better conversation. Gevind by https://www.ted.com/talks/celeste_headlee_10_ways_to_have_a_better_conversation?language=en

Keen A. 2015. *The Internet is not the answer*. Atlantic Books. London.

Kim E. 2015. *13 who got fired from a single tweet*. Gevind by <http://www.businessinsider.com/fired-over-a-tweet-2015-5?op=1>

O'Malley J P. 2016. *Just how toxic is Richard Dawkins?* Gevind by <http://www.thedailybeast.com/articles/2016/01/09/just-how-toxic-is-richard-dawkins.html>

Pretorius W. 2016. *"Why sack me, and not Unathi Msengana or Somizi Mhlongo?" Gareth Cliff*. Gevind by <http://www.timeslive.co.za/entertainment/2016/01/19/Why-sack-me-and-not-Unathi-Msengana-or-Somizi-Mhlongo-Gareth-Cliff>

Sentrum vir eietydse spiritualiteit. Gevind by <http://www.spiritualiteit.co.za/spiritualiteit-kontak.php>

Sweet L. 2012. *Viral: How Social Networking Is Poised to Ignite Revival*. Waterbrook Press. Colorado Springs.

Sweet L. 2014. *From tablet to table*. Navpress. Colorado Springs.

Wicks J. 2016. *"It's just the facts" – Penny Sparrow breaks her silence*. Gevind by <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/its-just-the-facts-penny-sparrow-breaks-her-silence-20160104>

Youtube. 2011. Atheist Richard Dawkins loses debate against wiser Christian professor. Gevind by <https://www.youtube.com/watch?v=thSVrSgSL2c>

Youtube. 2015. *Matt Damon back as Bourne: First look!* Gevind by <https://www.youtube.com/watch?v=ILdxjRz8lyQ>



Ekerk Navorsing wil leiers en organisasies help om versigtig te luister, vinnig te leer en voluit te leef.

Navorsing | Elke verslag bestaan uit verskeie komponente, wat alles hieronder afgelaai kan word. Die inhoud is beskikbaar om vryelik gebruik te word in bedienings en opleiding. Die materiaal word onder 'n Creative Commons lisensie gepubliseer, wat beteken dat dit nie verander of vir kommersiële gewin aangewend mag word nie.

Tendense | Iets wat die wêreld aan die gons het, en wat ons kan help om 'n groter impak op die koninkryk van God te kan maak. Jy kan hierdie verslae gratis aflaai, en dit gebruik net waar en hoe jy wil. Maak ook seker om aan ons nuutste opname deel te neem, of om ekerk sprekers te nooi om van ons navorsing te kom aanbied in seminaar vorm.

Kopiereg 2015 **Ekerk Vereniging**.

Alle regte voorbehou.

info@ekerk.org
www.ekerk.org

facebook.com/ekerk
twitter.com/ekerk